Familie Tuisblad

DINK JEUG Families

21 Mei 2023

1 Begin hier



Hierdie week word daar in die meeste gemeentes Pinkster gevier. Pinkster kom van die Griekse woord “pentekoste” wat vyftig beteken. Hierdie 50 verwys na die 50 dae vanaf Paasfees tot en met Pinksterfees Sondag. Meestal word Pinkster in gemeentes gevier in die 10 dae vanaf Hemelvaart tot Pinksterfees Sondag. In hierdie tyd fokus ons spesiaal op hoe die Heilige Gees in en deur almal werk.

Daar is baie dinge in die lewe wat mens nie kan sien nie, maar jy weet dit is daar. Byvoorbeeld iets soos hitte – die gevoel dat jy warm kry. Ons kan nie die warm rondom ons sien nie, maar ons kan dit voel en daarom weet ons dat dit daar is.

Op Hemelvaart dag kon die dissipels nie glo wat hulle sien nie, of altans nie glo dít wat hulle nie kon sien nie. Dit het nie sin gemaak hoe Jesus net voor hulle oë verdwyn het nie. Gelukkig het Jesus voor die tyd verduidelik wat die dissipels se opdrag is wanneer Jesus nie meer op aarde is nie. Net omdat hulle nie meer vir Jesus kon sien nie, het dit nie beteken dat Jesus nie meer by hulle is nie. Die dissipels het na Jesus se Hemelvaart nie opgehou om in Hom te glo net omdat hulle hom nie meer kon sien nie. Nee, hulle het gaan vertel wat hulle van Jesus glo. Ons doen dit vandag steeds deur die Heilige Gees wat ons help.

2 Lees

Handelinge 1:6-11

3 Gesels

- Probeer in die dissipels se skoene inklim. Nadat Jesus so baie dinge gedoen het, insluitend om uit die dood uit op te staan, hoe dink julle het hulle gevoel toe Jesus blyk of Hy hulle verlaat?
- Waarom het die dissipels in die lug bly kyk?
- Wat is die taak van al Jesus se dissipels as ons bely dat Hy hier en nou by ons is?

4 Bid

Gesels met Jesus met die wete dat Hy hier is. Vertel vir Hom hoe dit met jou gaan soos vir ’n vriend. Vra Hom wat sy wil vir jou is.

5 Doen

Eet saam, maar hou ’n sitplek oop wat figuurlik Jesus s’n is. Vra vir mekaar hoe ons anders kan optree omdat Jesus tussen ons is, en hoe die wêreld anders kan lyk as ons as Jesus se dissipels leef met Hom in ons daaglikse lewens.